

Hoërskool Driehoek: God se soewereiniteit

Op 11 September 2001 sterf 3000 mense as die Wêreldhandelsentrum in New York inmeekaar stort. Daar word geraam dat 30 miljoen mense in die Eerste Wêreldoorlog dood is, en dat 'n derde van die Joodse volk gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesterf het. En op 1 Februarie 2019 sterf 'n aantal kinders as 'n loopbrug by Hoërskool Driehoek op hulle val. Verskeie is beseer.

As God dan soewerein is, hoekom keer Hy nie dat hierdie dinge gebeur nie? Hoekom dring Sy liefde hom nie om hierdie gebeure te voorkom nie?

Een manier om na hierdie gebeure te kyk, is om net die menslike element daarin raak te sien: Iemand het besluit om vliegtuie in die Wêreldhandelsentrum te laat vasvlieg. Regerings het besluit om aan die wêreldoorloë deel te neem. Hitler het besluit die Jode moet uitgeroei word. Ons weet nie presies wat die rede vir die val van die loopbrug by Driehoek is nie, maar dis 'n struktuur wat deur mense opgerig is. Lewers is iets deur mense oor die hoof gesien. Immers het God die mens as redelike wese geskep wat moet heers oor sy skepping. As mense nie verantwoordelik heers nie, sal daar gevolge wees. Is die boodskap wat ons dus moet leer uit al hierdie tragiese gebeure: Doen jou werk verantwoordelik? Natuurlik moet ons verantwoordelik werk, maar daar is baie meer om te verstaan.

'n Paar jaar gelede het die Times tydskrif 'n artikel gepubliseer oor die vraag: "What is wrong with the world?" Iemand het geantwoord: "I am". Dis 'n kosbare antwoord wat baie waarheid bevat. Immers kan alles wat fout is in die wêreld toegeskryf word aan 'n mensdom wat in sonde geval het. Maar is dit die volle waarheid? En hoe rym dit met God se soewereiniteit?

Wat beteken dit as ons sê God is soewerein? Dit beteken God is verhewe bo alles en almal, Hy is almagtig, Hy het 'n doel met die skepping, Hy het 'n plan waarvolgens Hy daardie doel sal bereik en Hy doen aan niemand verantwoording hieroor nie, Hy is volkome in beheer en niks gebeur buite sy wil nie. Hy is Koning van die konings. Hy is werklik God. In die woorde van Dawid: "Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid. Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak." (1 Kronieke 29:10-12)

Hoe weet ons dat God soewerein is? Die Bybel is vol bewyse:

- God gebruik lewelose dinge om sy wil uit te voer: Die vloed tydens die lewe van Noag, water wat in bloed verander, Jesus wat die storm stil maak, of God wat juis 'n storm stuur om Jona te konfronteer as hy van God wegvlug.
- God beheer redelose skepsels: Diere wat self na die ark toe kom, paddas en steekvlieë tydens die 10 plae, koeie wat die ark terugbring as die Filistyne dit terugstuur, 'n donkie wat praat.
- God gebruik ongelowiges: Soms versag God ongelowige harte soos Potifar en die tronkbewaarder wat hulle oor Josef ontferm, of die Farao se dogter wat haar oor Moses ontferm. Soms verhard God hulle harte, soos die Farao tydens die 10 plae. God gebruik selfs hulle beseerde optredes om sy wil te laat realiseer, soos die Jode wat Jesus laat kruisig.
- God werk in besonder in sy gelowige kinders: Hy bewerk wedergeboorte, geregtigheid, heiligmaking. Hy bewaar ons van die beseerde.

As dit dan waar is dat die soewereine God op al hierdie maniere werk, en as ons wil sin maak uit wat besig is om met ons te gebeur, sal ons moet verstaan wat God se oorhoofse

doel is met die ganse heelal en die mensdom: God het die heelal geskep. Toe alles gereed was, het Hy heel laaste die mens geskep as die kroon van sy skepping. Sy doel is dat die mensdom Hom moet dien omdat hulle in hulle harte oortuig is dat Hy alleen waardig is om gedien te word. Daarom gee Hy vir hulle 'n verstand sodat hulle alles wat om hulle is en alles wat hulle beleef, kan evalueer, en tot die enigste redelike slotsom kan kom, en dit is: Dien God! Let op, God het nie 'n klomp robotte geskep wat Hy kon programmeer om hom te dien nie. Nee, Hy skep mense wat 'n wil het waarmee hulle keuses kan maak. En God wil dat hulle sal kies om Hom te dien omdat hulle oortuig is Hy is dit waardig.

Ons ken die geskiedenis. Adam en Eva het gekies om nie gehoorsaam te wees aan God nie. Dit is ook waar van die ganse mensdom - almal draai teen God. Die gevolg hiervan is dat God sy verlossingsplan implementeer. Hy stuur sy Seun om versoening te doen vir sondaars, en Hy stuur sy Heilige Gees om aan sondaarmense nuwe harte te gee wat sensitief is daarvoor om God te wil dien. Deurdat hierdie mense tot die besef kom dat God waarlik die enigste Een is wat waardig is om gedien te word, realiseer God se oorspronklike doel met die heelal en die mensdom.

Wat het dit te doen met die tragedies waarvan ons praat, insluitend die gebeure by Hoërskool Driehoek? Alles! Dit gaan oor iets baie meer diepliggend as 'n loopbrug waar daar moontlik 'n ontwerps- of konstruksiefout was. Dit gaan oor die soewereine God wat 'n gemeenskap konfronteer met sy doel met die ganse heelal en mensdom. Lees asseblief Lukas 13:1-5. Hier verwys Jesus na gevalle waar mense gesterf het as gevolg van rampe soortgelyk aan die waaroor ons besin. En Jesus se punt is: Moenie dink dat die mense wat in hierdie rampe gesterf het die groot sondaars is met wie God praat nie. Nee, God praat juis met die wat agterbly! Dit is hulle wat God tot stilstand wil roep. En sy boodskap aan hulle is baie eenvoudig: Bekeer julle! Anders gaan julle so omkom!

Nou kan jy vra: Is dit nodig dat God so hard met ons moet praat? Wel, kyk na die situasie in die gemeenskap: Hoeveel dien die Here met hulle hele hart, krag, siel en verstand? Hoeveel gemeentes het die afgelope paar jaar hulle deure gesluit? Hoeveel ywer is daar om mense wat God nie dien nie op te roep om dit wel te doen? Iemand het op 'n stadium gesê: "Lyding is God se megafoon". As Hy oor hierdie megafoon praat, luister ons met baie aandag.

Wat is dit dan wat ons moet hoor uit hierdie tragedies?

- As jy tot dusver 'n ongelowige is: Bekeer jou! Die soewereine God roep jou dringend om te besin oor waarmee jy besig is. Hy is oortuig jy mis die doel waarvoor Hy jou geskep het. Nie net loop jy die risiko om vir ewig die gevolge te dra nie, maar jy ontnem God die eer wat Hy waardig is om te ontvang.
- As jy 'n gelowige is: Besin ernstig oor jou lewe. Alle gelowiges skiet steeds te kort. Ons almal het steeds areas in ons lewens waar ons God nie onvoorwaardelik dien nie. Bekeer jou. Verder, beywer jou daarvoor dat God se dringende oproep tot bekering alle mense bereik.

Vir diegene wat direk geraak is deur hierdie gebeure: Onthou, dis nie omdat julle die grootste sondaars is dat julle so direk hierby betrokke is nie. Ja, natuurlik is God ook met julle besig in hierdie gebeure. Maar julle is die instrumente waardeur God die hele gemeenskap tot stilstand en besinning roep. Ons bid vir julle.

En vir diegene wie se geliefdes gesterf het: Onthou, as ons in die Here sterf, is dit nie die einde nie. Nee, dan bereik ons juis die punt waar ons volledig aan God se doel met ons

lebens voldoen – dan sal ons Hom sien soos wat Hy werklik is, en aan Hom die eer bring soos wat net Hy waardig is!